
*Toewyding
Ontwaak
RUIMSIG
GEMEENTE

# Ontwaak

**Vir God wat reeds in jou lewe werk.**

## Algemene riglyn:

1. **Memoriseer die genadegebed vir die week. Bid dit so gereeld as wat jy daaraan dink.**
2. **Lees jou daaglikse Skrifgedeelte aandagtig deur. Herhaal dit vir 'n tweede keer. Sit in stilte vir 15 minute en bedink/mediteer oor die teksgedeelte. Lees die Skrifgedeelte weer aandagtig deur. Dink weer in stilte vir 10 minute oor die gedeelte. Dank God vir Sy Woord. Skryf neer wat jy dink God vir jou sê deur die teksgedeelte.**
3. **Reflekteer aan die einde van die dag hoe God die Skrifgedeelte in jou dag gebruik het.**

# Week 1

**Tema van die week:** Wie is God regtig?

**Genade-gebed:** God wys my wie U is.

**Dag 1** Lukas 11:1–13: Hoeveel meer sal God vir ons gee…

**Dag 2** Lukas 12:22–34: Hoeveel is ons werd…

**Dag 3** Jesaja 43:1–4: Ek is altyd met jou…

**Dag 4** Kol 1:15–20 Die beeld van God

**Dag 5** Psalm 23: Die Here is my Herder…

**Dag 6** Psalm 121: God is jou Beskermer…

**Ons kan slegs na God toe gaan met vertroue as ons glo dat Hy die beste vir ons wil gee, dat Hy werklik omgee vir ons en ons nooit in die steek sal laat nie.**

**Praktyk:** Gaan skryf neer al die valse idees wat jy van God het. Neem 15 minute hierdie week en gaan lê dit by God se voete neer. Vra Hom om deur die Heilige Gees jou oë oop te maak vir wie Hy werklik is.

**Addisionele leeswerk as jy tyd het:** Psalm 91; Psalm 131 en Romeine 8:31–39

## Vrae vir bespreking:

1. **Wat is my vroegste begrip van God?**
2. **Hoe lyk my kerk geskiedenis?**
3. **Wat is jou gunsteling teks in die Bybel? Hoekom hou jy daarvan?**
4. **Watter rol het jou ouers in jou geestelike opvoeding gespeel?**
5. **Wat moet jy verander om 'n meer ware beeld van God te hê?**

# Week 2

**Tema van die week:** God wil ons seën en guns gee.

**Genade-gebed:** Here, help my om U liefde, guns en seën te aanvaar.

| | |
|---|---|
| **Dag 1** | Johannes 3:16-17: God het jou lief met jou gebrokenheid. |
| **Dag 2** | Jesaja 49:14-18: Jy is kosbaar vir God. |
| **Dag 3** | Lukas 15:11-35: Die Liefdevolle Vader, God. |
| **Dag 4** | Numeri 6:22–27: God se seën vir my en jou. |
| **Dag 5** | Sefanja 3:17: Hy is buitengewoon bly oor jou. |
| **Dag 6** | Efes 3:14–21: Sy genade is ver bo wat ons ooit kan dink! |

**Begin leef met die wete dat God ons Sy kinders noem en dat Hy my sien as Sy geliefde, help my om te transformeer in my diepste wese.**

**Praktyk:** Neem 10 minute elke dag en pleit by God om jouself deur Sy oë te sien

**Addisionele leeswerk as jy tyd het:** Psalm 139:13-16; 2 Kor 12:9; Ef 2:4-10

## Vrae vir bespreking:

1. **Hoe sien ek myself?**
2. **Hoe sien ander my?**
3. **Wat glo ek sien God as Hy na my kyk?**
4. **Glo ek wat die Bybel sê oor God se seën en guns vir my?**
5. **Wat moet ek doen om die realiteit van God se liefde te ervaar?**

# Week 3

**Tema van die week:** Die werk aan die Kruis

**Genade-gebed:** Here, dankie dat U vir my sondes gesterf het en my vergewe het.

| | |
|---|---|
| **Dag 1** | Romeine 5:12–21: Genade kom net deur Jesus… |
| **Dag 2** | Romeine 3:21–26: Dis God wat ons verlos deur Jesus… |
| **Dag 3** | Hebreers 12:4–10: Moenie net ingee vir sonde nie. |
| **Dag 4** | Jakobus 1:14–18: God se waarheid bring vir ons lewe… |
| **Dag 5** | Galasiërs 4:1–7: God se vergifnis maak ons Sy kinders en erfgename… |
| **Dag 6** | 1 Johannes 1:5–9: As ons ons sondes bely, kry ons vergifnis… |

**Ons almal het sondes, maar ons kan in vryheid leef deur ons sondes te bely en God se genade te ontvang deur Jesus Christus. Hy het vir ons sondes die prys betaal deur aan die kruis te sterf.**

**Praktyk:** Neem tyd om hierdie week te dink aan jou gebrokenheid en sondes wat jy weet jy moet hanteer. As jy vrymoedigheid het, gaan gesels met iemand wat jy vertrou daarmee. Indien nie, skryf dit neer en bely dit teenoor God. Vra vir Sy vergifnis.

**Addisionele leeswerk as jy tyd het:** Romeine 6

## Vrae vir bespreking:

1. **Hoe voel jy oor die woord sonde?**
2. **Wat is jou siening rondom genade?**
3. **Besef jy wat die kruisdood van Jesus vir jou gedoen het?**
4. **Vir wie het jy onlangs vergifnis gevra?**
5. **Is daar iemand wat jy nog moet vergewe?**

# Week 4

**Tema van die week:** Gewoontes van Jesus – Vas

**Genade-gebed:** Here laat U Woord my voed.

| | |
|---|---|
| **Dag 1** | 1 Petrus 2:11–12: Moenie aan begeertes toegee nie |
| **Dag 2** | Lukas 4:1–4: Jesus vas vir 40 dae en 40 nagte |
| **Dag 3** | Markus 6:16–18: Jesus se raad vir tye van vas |
| **Dag 4** | Rom 16:18 & Fil 3: 19: Ons is meer as ons drange. |
| **Dag 5** | Matteus 9:14–17: 'n Tyd vir Vas |
| **Dag 6** | Hand 9:1–9: Paulus se reaksie op sy ontmoeting met Jesus |

**Jesus kweek sekere gewoontes aan wat Hom help met Sy verhouding met God. Ons poog om soos Jesus te word en kweek daarom dieselfde gewoontes aan. Jesus begin Sy bediening met 'n Vas.**

**Praktyk:** Probeer een dag hierdie week vas, van sonsondergang tot sonsondergang, dus vir 24 uur. Bid elke keer wat jy sou eet.

**Addisionele leeswerk as jy tyd het:** Dan 10; Deut 9:9; 1 Konings 19:8

## Vrae vir bespreking:

1. **Hoe gemaklik is jy om te vas?**
2. **Wat is die doel van vas vir jou?**
3. **Wat dink jy is die voordele van gereelde vas?**
4. **Hoe kan jy begin om hierdie gewoonte deel te maak van jou lewe?**

# Week 5

**Tema van die week:** Gewoontes van Jesus - Aanvaarding

**Genade-gebed:** Here maak my vry van veroordeling

| | |
|---|---|
| **Dag 1** | Johannes 4:1–26:  Jesus meng met die Samaritaanse vrou. |
| **Dag 2** | Johannes 4:27–42: Jesus se aanvaarding bring redding. |
| **Dag 3** | Matteus 7:1–5: "Moenie oordeel nie" is kern vir aanvaarding. |
| **Dag 4** | Lukas 19:1–10: Jesus aanvaar die kort tollenaar |
| **Dag 5** | Lukas 18:15–17: Jesus aanvaar die kindertjies |
| **Dag 6** | Lukas 7:36–50: Jesus gesalf deur 'n sekswerker en aanvaar haar daad. |

**Jesus lewe radikaal inklusief.  Hy beoefen die gewoonte van aanvaarding.  Ons moet Sy voorbeeld volg en mense aanvaar wat oor ons pad gestuur word.**

**Praktyk:** Gaan deur die week en maak tyd vir mense wat jy gewoonlik sou verwerp omdat jy hulle nou wou aanvaar nie.

**Addisionele leeswerk as jy tyd het:** Matteus 5:1–13  (Bergpredikasie)

## Vrae vir bespreking:

1. **Hoe voel jy oor Jesus se gewoonte van aanvaarding?**
2. **Watter tipe mense is vir jou moeilik om te aanvaar?**
3. **Wie is daar wat jy moet aanvaar?**
4. **Watter rol speel grense om ons te help om mense te aanvaar, maar ook om ons te beskerm teen uitbuiting?**

# Week 6

**Tema van die week:** Gewoontes van Jesus – Gasvryheid

**Genade-gebed:** Gewoontes van Jesus – Gasvryheid

| | |
|---|---|
| **Dag 1** | Johannes 2:1–12: Jesus se eerste wonderwerk. |
| **Dag 2** | Matteus 11:25–29: Jesus nooi ons |
| **Dag 3** | Matteus 14:13–21: Jesus gee vir mense kos |
| **Dag 4** | Markus 14:3–9: Jesus ontvang gasvryheid |
| **Dag 5** | Lukas 5:27–32: Die groot partytjie |
| **Dag 6** | Lukas 8:1–3: Vrouens se gasvryheid sorg vir Jesus |

**Jesus is altyd oppad van 'n ete, of besig met 'n ete, of oppad na 'n ete. Gasvryheid is deel van Jesus se lewe, Hy gee dit en ontvang dit.**

**Praktyk:** Wees gasvry teenoor iemand hierdie week. Nooi iemand vir 'n koffie of vir 'n ete.

**Addisionele leeswerk as jy tyd het:** Lukas 12:22–34 (God sorg en is gasvry)

## Vrae vir bespreking:

1. **Hoe sien jy Gasvryheid?**
2. **Wat dink jy van Jesus se voorbeeld van gasvryheid in Lukas 15:1?**
3. **Hoe gereeld beoefen jy intensioneel gasvryheid?**
4. **Wat is ons Gemeente se rol as dit by gasvryheid kom?**
5. **Hoe word ons as 'n Gemeente beter met gasvryheid?**

# Week 7

**Tema van die week:** Gewoontes van Jesus – Opoffering

**Genade-gebed:** Here, wys my waar en wat ek moet opgee as 'n offer.

| | |
|---|---|
| **Dag 1** | Markus 8:35: Offer jou lewe op |
| **Dag 2** | Johannes 13:1–17: Jesus was Sy dissipels se voete… |
| **Dag 3** | Johannes 1:29 & 1 Korintiers 5:17 – Jesus die lam se opoffering |
| **Dag 4** | Romeine 12:1–2 & Efes 5:2 'n Lewende geurige offer… |
| **Dag 5** | Hebreers 9:27–28: Krag van Jesus se opoffering |
| **Dag 6** | Lukas 9:23: Om Jesus te volg is opoffering… |

**Jesus offer alles vir ons op en ons doen dieselfde vir Hom deur ons lewens aan Hom oor te gee.**

**Praktyk:** In hierdie week, gaan uit jou pad om jou eie gemak te versteur tot voordeel van 'n ander.

**Addisionele leeswerk as jy tyd het:** Heb 13:16 & 1 Joh 4:10

## Vrae vir bespreking:

1. **Hoe verstaan jy Jesus se opoffering?**
2. **Glo jy in die opoffering van jou eie lewe tot voordeel van ander?**
3. **Gaan bestudeer die lewe van Polycarp op die internet.**
4. **Wat doen jy om opofferings vir Jesus te maak?**
5. **Wat kan ons as 'n Gemeente opoffer om ander beter te dien?**

# Week 8

**Tema van die week:** Gewoontes van Jesus: Viering

**Genade-gebed:** Here leer my om die lewe te waardeer en te vier.

| | |
|---|---|
| **Dag 1** | Lukas 19:35–40: Hosanna, die klippe sal uitroep |
| **Dag 2** | Handelinge 3:1–10: Vol vreugde en viering |
| **Dag 3** | Openbaring 19:1–10: Groot viering saam Chrisrus |
| **Dag 4** | Handelinge 5:40–42: Viering agv lyding |
| **Dag 5** | Lukas 6:20–23: Ons vier wêreldse verwerping. |
| **Dag 6** | Psalm 148 – Psalm 150: Alles moet God prys. |

**Om die lewe te vier is die ware weg na diep vreugde.**

**Praktyk:** In hierdie week, doen iets wat vir jou lekker is en vier die lewe met vreugde.

**Addisionele leeswerk as jy tyd het:** 2 Samuel 6:12–16 & Deut 14:22–29

## Vrae vir bespreking:

1. **Geniet jy jou lewe?**
2. **Ervaar jy diep vreugde?**
3. **Is jy goed of sleg met viering van geleenthede?**
4. **Is jy gemaklik om in God se teenwoordigheid fees te vier?**
5. **Hoe kan jy Groei in feesviering?**

# Week 9

**Tema van die week:** Belydenis van die Kerk se geloof deur die Eeue

**Genade-gebed:** Jesus maak my standvastig en lei my in waarheid.

| | |
|---|---|
| **Dag 1** | Ons glo in een God, die almagtige Vader, die Skepper van hemel en aarde, van alle sienlike en onsienlike dinge; en in een Heer, Jesus Christus, |
| **Dag 2** | die eniggebore Seun van God, gebore uit die Vader voor alle tye; (God uit God) Lig uit Lig, waaragtige God uit waaragtige God, verwek, nie gemaak nie, een in wese met die Vader; deur wie alle dinge ontstaan het; wat ter wille van ons, die mens, en ter wille van ons saligheid, neergedaal het uit die hemel, vlees geword het deur die Heilige Gees uit die maagd Maria, en mens geword het, wat selfs vir ons gekruisig is onder Pontius Pilatus, gely het en begrawe is; |
| **Dag 3** | en op die derde dag opgestaan het volgens die Skrifte; wat opgevaar het na die hemel, en wat sit aan die regterhand van die Vader; wat weer sal kom met heerlikheid om te oordeel die wat nog lewe en die wat reeds gesterf het, wie se koningsheerskappy geen einde sal hê nie; |
| **Dag 4** | en in die Heilige Gees, die Heer en Lewendmaker, wat van die Vader en die Seun uitgaan, wat saam met die Vader en die Seun aanbid en verheerlik moet word, wat gespreek het deur die heilige profete. |
| **Dag 5** | Ons glo aan een heilige, algemene kerk, gegrond op die leer van die apostels. |
| **Dag 6** | Ons bely een doop tot vergifnis van sondes; ons verwag die opstanding van die ontslapenes, en die lewe van die toekomstige eeu. Amen. |

**Die Heilige Gees lei die Kerk in 325AD tot die Geloofsbelydenis.**

**Praktyk:** Memoriseer die geloofsbelydenis.  Hehinner jouself aan die waarheid.

**Addisionele leeswerk as jy tyd het:** 1 Korintiers 15

## Vrae vir bespreking:

1. **Glo jy werklik die geloofsbelydenis?**
2. **Vra God om jou te leer van die gedeeltes waarmee jy sukkel.**

# Week 10

**Tema van die week:** In ons hande – Toekoms van die Kerk

**Genade-gebed:** Here, help ons om pilare te wees vir die toekoms van die Kerk.

| | |
|---|---|
| **Dag 1** | Handelinge 1:8 Ons mandaat… |
| **Dag 2** | Handelinge 2:37–47 Wat moet ons doen? |
| **Dag 3** | Matteus 9: 36–37 Here laat ons harte breek vir U geliefdes… |
| **Dag 4** | Handelinge 4:13 Die Kerk vol waagmoed. |
| **Dag 5** | Handelinge 4:23-32 Die onverskrokke Kerk |
| **Dag 6** | Matteus 16:18 Jesus bou die Kerk en ons sal oorwin |

**Jesus gee ons die Kerk. Ons is nou die rentmeesters van die Kerk en die boodskap van die Koninkryk van God.**

**Praktyk:** Vind uit wie die Kerkvaders was en wat hulle vir die Kerk gedoen het? Jy mag Google!

**Addisionele leeswerk as jy tyd het:** Openbaring 2–4 Die sewe gemeentes.

## Vrae vir bespreking:

1. **Wat beteken Kerk vir jou?**
2. **Wat is jou storie saam met die Kerk?**
3. **Hoe voel jy oor Ruimsig Gemeente?**
4. **Wat is Jesus se plan met die Kerk?**
5. **Wat is jou rol in die Kerk?**

# Week 11

**Tema van die week:** 'n Lewe wat tel

**Genade-gebed:** Here neem ons lewens en laat dit tel

| | |
|---|---|
| **Dag 1** | Jesaja 6:1–8: Hoe reageer ons op God se roeping... |
| **Dag 2** | Matteus 6:33–34: Soek ons God se roeping... |
| **Dag 3** | Efesiërs 4:1–6: Lewe ek op 'n manier om my roeping uit te leef... |
| **Dag 4** | Filipense 2:1–11: Hoe het Jesus Sy roeping uitgeleef... |
| **Dag 5** | 1 Petrus 3:15–16 & 1 Petrus 4:10–11: Getuig en gebruik jou gawes... |
| **Dag 6** | Matteus 11:28–30: Jou roeping begin by Jesus en om Sy juk op te neem... |

**As ons Jesus volg, roep Hy ons om namens Hom op te tree hier op aarde. Ons moet voortdurend soek en luister.**

**Praktyk:** Verwoord jou roeping, want God roep jou. Doen dit skriftelik en bid die week daaroor.

**Addisionele leeswerk as jy tyd het:** 1 Korintiërs 7:17–24; 2 Petrus 1:10

## Vrae vir bespreking:

1. **Wat is jou siening van roeping?**
2. **Het jy al ervaar God roep jou vir iets spesifieks?**
3. **Is jy aktief besig om aan jou roeping te werk?**
4. **Waar dink jy pas jou roeping in by die Kerk?**
5. **Wat is die eerste volgende stap vir jou in jou roeping?**

# Week 12

**Tema van die week:** Die Vryheid om JA te sê.

**Genade-gebed:** Here, maak my vry om te kan reageer op U stem.

| | |
|---|---|
| **Dag 1** | Genesis 12:1–9: Abraham sê JA! |
| **Dag 2** | Lukas 1: 26– 38: Maria sê JA! |
| **Dag 3** | Romeine 12:1–8: Word nie gelyk aan hierdie wêreld nie. |
| **Dag 4** | Filipense 3:7–16: Paulus sê JA! |
| **Dag 5** | 2 Korintiërs 3:18: Word verander as jy JA sê. |
| **Dag 6** | Johannes 3:22–30: Johannes die Doper sê JA! |

**Ons aanvaar dat ons gestuurdes is; om missional te leef, beteken ons steek grense oor; ons leef met oop hande om te ontvang en te kan gee; ons leef met 'n bewustheid en intensionaliteit in hierdie wêreld; ons deel nie net wat ons het nie, maar die goeie nuus van God se reddingskrag ook. Ek sê JA! ongeag wat die gevolge mag wees.**

**Praktyk:** As jy in hierdie week voel dat God iets van jou vra, doen dit sonder om te dink. Sê JA!

**Addisionele leeswerk as jy tyd het:** Markus 10:17–27

## Vrae vir bespreking:

1. **Het jy al ervaar dat God jou nooi om saam Hom te werk?**
2. **Wat verhoed ons om JA te sê vir God?**
3. **Het jy al nee gesê vir God? Hoe het jy gevoel?**
4. **Wat moet jy doen om gereed te wees vir God se volgende uitnodiging?**
5. **Ken jy iemand wat gemaklik JA sê? Hoe lyk hulle lewe?**

RUIMSIG
GEMEENTE

011 764 1699 | info@ruimsig.com | ruimsig.com